

# Nuwejaarsboodskap...

# *Niks beter as vrolik wees nie...*

**'n Kyk deur "Prediker"**

## Die eerste keer:

Net God maak vrolike eet en drink moontlik. Dit is die goeie van die lewe! Dit is 'n persoonlike geskenk uit die hand van God! As Hy met jou lewe tevrede is, gun Hy jou 'n lewe vol daaglikse feesvierings.
Prediker 2:24-25

## Die tweede keer:

Die insig dat daar niks beter vir 'n mens is nie as om te eet en te drink in die teenwoordigheid van die Here. Dit is 'n gawe uit die hand van God en dit is die goeie van die lewe! Insig is gelyk aan 'n nuwe verstaan van die werklikheid!
Prediker 3:11-14

## Die derde keer:

Teenoor die slegte ding wat Prediker vroeër gesien het (naamlik dat rykdom ellende bring), sien hy nou ook 'n goeie ding, naamlik dat dit aangenaam is om te eet en te drink in God se geselskap. God gee alles wat nodig is aan diegene wat die kuns van eet en drink bemeester het in sy teenwoordigheid en oorlaai hulle lewens met vreugde. Hulle ken blydskap en vreugde in oordaad saam met Hom.
Prediker 5:12 en 5:17-19

## Die vierde keer:

Die aanbeveling: vreugde en die feit dat daar niks beter vir die mens is nie as om in God se geselskap te eet en te drink. Dan hoef hulle nie hul koppe te breek oor die groot vrae van die lewe nie.
Prediker 8: 16-17

## Die vyfde keer:

Eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met 'n bly gemoed. Kies vir vreugde, feesklere, geurige reukolie en feestelike verhoudings en huwelike.
Prediker 9:7



**Ek word 'n dader van die Woord deur ...**

Vir persoonlike gebed, gesprek, nagmaal of stiltetyd, besoek gerus die Klipkerk na afloop van die diens.